**LAERSKOOL KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# Jukskei Beleid

## 1. Doelstellings

1.1 Die bevordering van die spel Jukskei by leerders in die Junior- en Seniorfase.

1.2 Om deur middel van Jukskei die opvoedkundige kwaliteite, soos sportmansgees, deursettingsvermoë en die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid by die leerder daar te stel.

1.3 Om 'n Jukskei span daar te stel, met bogenoemde in gedagte, om dan aan Ligas deel te neem.

1.4 Die ontwikkeling van leiers deur die leerders voor te berei en te bemagtig vir wedstryd op skole, Provinsiale en Nasionale vlak.

## 2. Reëls en Regulasies

**2.1 Algemeen:**

Slegs die Jukskei spelreëls soos opgestel en goedgekeur deur Jukskei S.A. word gebruik.

**2.2 Afrigting:**

**a. Ouer-Afrigters:**

Kan aangewend word om behulpsaam te wees met afrigting, nadat vroegtydige skriftelike goedkeuring vanaf Bestuursliggaam verkry is en as ouer 'n Afrigterskursus deurloop het.

**b. Professionele Afrigters:**

Sodanige afrigters moet ook vroegtydig skriftelik aansoek doen by Beheerliggaam indien afrigting op skool terrein sou plaasvind. Kan die funksie van 'n deurlopende afrigter 'n bepaalde item vervul, indien in bepaalde item geen onderwyser is om jukskei af te rig nie. Sodanige afrigter, moet die totale groep leerders in die betrokke spanne, waarvoor hy/sy verantwoordelik is afrig. Afrigter se bewese prestasie sal jaarliks geëvalueer word voor heraanstelling sal geskied vir die volgende seisoen. Absolute lojaliteit teenoor leerders van die skool is van kardinale belang. Afrigters moet ten nouste saamwerk met onderwyser-afrigters om 'n eenheid te bewerkstellig. Laasgenoemde moet 'n absolute strewe van alle partye wees. Die basis waarop afrigting geskied sal deur komitee bepaal word.

**c. Onderwyser-Afrigters:**

- ➔ Moet hul taak met volle oorgawe verrig en moet 'n afrigterskursus deurloop en slaag.
- ➔ Op hoogte bly met die nuutste afrigtingstegnieke en reëls.
- ➔ Tree altyd professioneel en entoesiasties op, met korrekte taalgebruik teenoor spelers, ouers, gasskole en ander.
- ➔ Hanteer netelige situasies taktvol en waar moontlik eers met organiseerder.

**d. Spelers:**

Algemene reëlings:

- ➔ Hou 'n naamlys met inligting van spelers byderhand in geval van nood.
- ➔ Rig spelers af, bly in goeie beheer en poog om aan elke speler die maksimum geleentheid te bied.
- ➔ Help met die reël van oefeninge en wedstryde. Tref vroegtydig ander reëlings indien iets voorval.
- ➔ Afrigters en spelers dra gemaklike oefenklere met tekkies.
- ➔ Help met spanindelings en die kies van kapteine.

**e. Toerusting:**

- ➔ Help met die bewaring, kontrole en beheer.
- ➔ Help met die administrasie en kommunikasie waar nodig.

## 3. Finansies

- Die organiseerder doen aankope of maak bestellings soos nodig en op begroting aangedui.
- Reël betaling van rekeninge en uitbetaling vir registrasies en affiliasie.
- Organiseerder stel 'n begroting op vir die volgende jaar en dien dit in by die beheerliggaam.

## 4. Kommunikasie

Speler en Ouers

- Omsendbriewe met inligting en reëlings i.v.m. jukskei oefeninge, kursusse, skoleligas, proewe en ander inligting moet betyds uitgegee word.
- Whatsapp groep word gestig waar inligting aan ouers deurgegee word.
- 'n Spanlys en 'n verklaring van die hoof dat hul by die skool ingeskryf is, moet aan die Skole Jukskeivereniging gestuur word voor elke liga.
- ID/Geboortesertifikaat met 'n foto op van elke kind moet elke jaar ingedien word saam met die registrasie (R120 per speler) en skole affiliasie gelde (R500.00)

## 5. Spelers

a. Algemene Reëlings:

- Alle leerders van 'n Laerskool speel vir onder 13 (A, B, C of Gemeng)
- Gebruik eie toerusting of die skool voorsien op 'n streng gekontroleerde leen basis.
- Dra gemaklike oefenklere, sportskoene is 'n moet.
- Almal moet op die oefeninge konsentreer en almal help mekaar: Geen rondspelery, kru-taal, swak gedrag en persoonlike op of aanmerkings nie.

b. Verkiesing:

- Kerfstok (aantal 4 hou, 3 hou en lê's) word gehou van elke speler se prestasie.
- Dit word gedoen gedurende 'n paar opeenvolgende oefeninge wat die speler bywoon.
- Die totale aantal punte word verwerk na 'n % gemiddeld.
- Spelers word in spanne verkies volgens hulle punte. (glad nie volgens hulle ouderdom nie)

c. Spanne en Kapteine

- Spanne word saamgestel volgens ervaring, vaardigheid/vermoë en kennis van die spel.
- 'n Kaptein word gekies volgens die nodige eienskappe, nl. Goeie leierskap, kennis, ervaring en moet kan telling hou.
- Saamgestelde spanne word gevorm indien spelers nog onervare is of seuns en dogters saamspeel.
- Spanne wat verkies word vir die skoleliga, bestaan uit 4 seuns/dogters per span met 'n kaptein, en die wat oorbly word 'n gemengde span verkies en ook vir liga ingeskryf.
- Indien spelers van ander skole, wie se skool nie Jukskei speel nie, graag wil speel, mag hul in Laerskool Krugerpark se gemengde spanne speel. (Volgens die Grondwet van die Limpopo Skoleliga)

d. Oefeninge

- Strekoefeninge word eerste gedoen.
- Spelreëls word aangeleer en ingeoefen terwyl die spel afgerig word.
- Spelers staan op die aangeduide afstand volgens hul ouderdom.
- Oefentye is Maandae en Woensdae vanaf 13:45 – 14:45 op die skoolbane, of andersins 15:00 – 16:30 op die Dorpsbane soos vooraf gereël.
- Spelers wat nie 'n oefening kan bywoon nie, moet persoonlik by die afrigter / organiseerder verskoning maak.

## 6. Toerusting

- Skeie, penne en verf word in die Atletiekstoor toegesluit tussen speelseisoene.
- Tydens speelseisoen, teken elke speler vir sy skeie en bewaar dit en die organiseerder teken weer terug vir dit direk na die Skole-ligas.
- Spelers mag met hul eie skeie deelneem indien dit voldoen aan die vereistes.
- Jukskei lêer en ander admin is by die organiseerder, Mev. D. Smit.
- Tydens kompetisies moet die skeie netjies in die skool se kleure geverf wees.
- Die skool verskaf die spuitverf en afrigters, ouers en kinders doen die verfwerk.
- Geen toerusting word uitgeleen nie.
- Indien iemand skeie wil leen vir Proewe, moet dit weer aangeteken word met 'n deposito wat onderhandelbaar en terugbetaalbaar is.

## 7. **Wedstryde**

- Klubwedstryde en vriendskaplike wedstryde vind plaas deur klubs of Jukskei Unie gereël.
- Leerders moet aan 'n klub behoort om aan Klub ligas deel te neem.
- Leerders hoef nie aan klub te behoort om aan Vriendskaplike wedstryde deel te neem nie.
- Sover moontlik gaan ons probeer om soveel as moontlik aan vriendskaplike wedstryde deel te neem om kennis en spel te verbeter.

a. Skole liga

- Vind elke jaar plaas soos deur Jukskei SA bepaal.
- Spanne word slegs saamgestel deur leerders wat by die skool is en word 3 weke vooraf gefinaliseer om saam te oefen.
- Enige ander leerders mag vir gemengde spanne inskryf. Hulle kwalifiseer nie vir die Direkteurstoernooi nie.
- Leerders van Laerskole speel vir onder 13 (A. B. C of gemeng)
- Ouderdom vir die posisie op die baan word bepaal op 1 Januarie van daardie jaar.
- Slegs die sportdrag of LO drag van die skool word toegelaat.
- Skeie en penne word tradisioneel, soos deur die organiseerder bepaal, geverf.
- Daar vind 2 liga's in die Eerste en Tweede kwartaal plaas.
- Die seisoen waarin die volgende 2 skoleliga's en Noordvaal skolekampioenskappe gespeel word, vind gedurende die 3de kwartaal plaas.
- Provinsiale keuring vind ook dan plaas en provinsiale spanne word verkies. (Spelers word deur afrigters aangemoedig om daaraan deel te neem, maar die verantwoordelikheid berus by die ouers.)
- Afrigtingsklinieke word gereël deur die Limpopo Unie en vind gewoonlik op Saterdae plaas en is gratis.
- Finale Skoleliga vind plaas op die laaste Saterdag van Augustus.
- Noordvaal skolekampioenskappe vind plaas op die eerste of tweede Saterdag van September.
- Leerders wat gekies word vir kampioenskappe is vir hulle eie reis, etes en verblyf verantwoordelik.
- Indien beide die seuns- en meisiespan die liga wen, sal die skoolbussie aangevra word vir die Noordvaal skolekampioenskappe (5 spelers per span) wat meestal in Gauteng plaasvind. (Pretoria, Boksburg of Krugersdorp)
- Indien die skool trofeë van die Skoleliga of Noordvaal skolekampioenskappe verower, is die skool verantwoordelik vir die veilige bewaring, gravering en behoorlike versorging daarvan terwyl dit in Krugerpark se sorg is.
- Krugerpark is verplig om dit terug te besorg, op die dag en plak waarop daar weer om dit meegeding sal word.

## 8. Toekennings

Verskeie trofeë is beskikbaar.

- Speler wat Provinsiale klere verwerf en aan die SA Kampioenskappe deelneem, ontvang erekleure.
- Spelers wat Limpopo slegs by die Bondedag verteenwoordig, ontvang net 'n Prestasie sertifikaat.
- Spanne wat die Noordvaal skolekampioenskappe wen, verwerf erekleure.
- Spelers wat tot die Top 10 Nasionale spelers verkies word, verwerf erekleure.
- Uitsonderlike prestasie sertifikate vir **Ligawenners** van A-spanne.
- Uitsonderlike prestasie sertifikate vir **Ligawenners** van B-spanne.
- Uitsonderlike prestasie sertifikate vir **Ligawenners** van C-spanne.
- Uitsonderlike prestasie sertifikate vir **Ligawenners** van Gemengde-spanne.
- Trofee vir Beste vordering – Junior Speler.
- Trofee vir Beste vordering – Senior Speler.
- Trofee vir Beste Meisiespeler.
- Trofee vir Beste Seunspeler.
- Trofee vir Top Jukskeispeler.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE 6 DAG VAN June **2023**

____________________
Beheerliggaamvoorsitter

____________________
Hoof: Laerskool Krugerpark

## Kriteria vir die hooftoekennings/trofeë: Jukskei

- **Trofee vir Beste vordering Junior speler.**
    - Leerling van Krugerpark vanaf GR R tot Gr 4
    - Aantal jare wat 'n leerder speel.
    - Keuringspunte tydens uitdunne by Krugerpark se spankeurings (hele seisoen se 4 keurings word in aanmerking geneem)
    - Span by Krugerpark gehaal (0/13 A, B, C, gemeng)
    - Aangewys as kaptein of net spanlid.
    - Keuringspunte behaal by Limpopo provinsie.
    - Span by Limpopo gehaal (0/13 A, B), indien wel.
    - Algemene toegewydheid en gesindheid gedurende die seisoen se oefening en liga-wedstryde.
- **Trofee vir Beste vordering Senior speler.**
    - Leerling van Krugerpark vanaf Gr 5 tot Gr 7
    - Aantal jare wat 'n leerder speel.
    - Keuringspunte tydens uitdunne by Krugerpark se spankeurings (hele seisoen se 4 keurings word in aanmerking geneem)
    - Span by Krugerpark gehaal (0/13 A, B, C, gemeng)
    - Aangewys as kaptein of net spanlid.
    - Keuringspunte behaal by Limpopo provinsie.
    - Span by Limpopo gehaal (0/13 A, B), indien wel.
    - Algemene toegewydheid en gesindheid gedurende die seisoen se oefening en wedstryde.
- **Trofee vir Beste Meisiespeler.**
    - Dogter van Gr R tot Gr 7
    - Keuringspunte behaal by Krugerpark se spankeurings
    - O/13 A span
    - Kapteinskap/spanlid
    - Bydrae gelewer tydens ligawedstryde
    - Bydrae gelewer tydens Noordvaal kampioenskappe (indien ons skool daar deelneem)
    - Keuringspunte behaal by Limpopo provinsie.
    - Span by Limpopo gehaal (0/13 A, B)
    - Deelname aan Junior Bondedag en SA-kampioenskappe
    - Algemene toegewydheid en gesindheid gedurende die seisoen se oefening en wedstryde.
- **Trofee vir beste Seunspeler.**
    - Seun van Gr R tot Gr 7
    - Keuringspunte behaal by Krugerpark se spankeurings
    - O/13 A span
    - Kapteinskap/spanlid
    - Bydrae gelewer tydens ligawedstryde
    - Bydrae gelewer tydens Noordvaal kampioenskappe (indien ons skool daar deelneem)
    - Keuringspunte behaal by Limpopo provinsie.
    - Span by Limpopo gehaal (0/13 A, B).
    - Deelname aan Junior Bondedag en SA-kampioenskappe
    - Algemene toegewydheid en gesindheid gedurende die seisoen se oefening en liga-wedstryde.
- **Trofee vir Top Jukskeispeler.**
    - Seun of dogter met hoogste keuringspunte by skool- en Limpopo keuring
    - Prestasie by
        - Skoleliga (Krugerpark A-span),
        - Noordvaal kampioenskappe (Aangewys as Beste 5)
        - Junior bondedag
        - SA kampioenskappe
    - Leierskap (spankaptein)
    - Top 10 speler in SA (Aangewys by SA kampioenskappe)
    - Deelname aan die Nasionale toer